WYKSBYEENKOMSTE

Laaste wyksbyeenkomste

Dinsdag 29 Oktober

Sa4	10:00	Debbie Carstens, Kusweg 108

Woensdag 30 Oktober

KP	09:30	Kogelparksaal
PM1	15:00	Daphné Loots, Alheitstraat 33

Donderdag 31 Oktober

Sa1+2	15:00	Ina du Plessis, Tweedelaan 141

KOOP UNIEKE BOEK OOR DIE BRAND

Slegs 'n beperkte aantal boeke oor die brand in Hangklip is gedruk. Dit kos R250 per boek of R800 vir 4 boeke.
Bestel nou en betaal by:

ABSA Hermanus
Bettysbaai Belastingbetalersvereniging
Rek. No 4066616439
Verwysing: jou van gevolg deur Boek (bv. SmitBoek)
Stuur jou bewys van betaling en jou kontakbesonderhede na Adrian de Kock by finance@bettysbay.info

Dit is beskikbaar vanaf Vrydag 13 Desember 2019.
Kom kry dit by
Meridian Realty, Clarencerylaan, Bettiesbaai.
Bring betalingsbewys saam.

EKO-NUUS

- Die Eko-bediening (EB) het op sy afgelope vergadering besluit om die projek van eko-stene te ondersteun. 'n Eko-steen is 'n 2 liter plastiek koeldrankbottel (verkieslik Coke) wat kliphard gestop is met skoon, plastiek sakkies en ander verpakkingsmateriaal. Geen papier of iets wat nie skoon is nie. Sulke bottels/eko-stene kan afgegee word by Kobie Coetzee, 6de Straat 49. Moenie dit kerkgebou toe bring nie.
- Verder het die EB besluit om voor die vakansietyd 'n groot poging aan te wend om ons kuslyn (Hoofstrand tot by Palmiet) skoon te maak. Ons beplan die geleentheid vir DV Saterdag, 16 November. Hou solank die datum oop. Detail volg later.

KERKKLOK

KLEINMOND BETTYSBAAI PRINGLEBAAI ROOIELS

27:10:2019

Welkom by die Erediens

08:30	**Kerksaal**	**Ds. Jannie Hougaard**
09:00	**Sentrum**	**Ds. Steven Sass**
09:30	**Kerkgebou**	**Dr. Chris Malan**

Deurkollekte: Boufonds

Eredienste 3 November 2019

08:30	**Kerksaal**
09:00	**Hangklip-Sentrum in Bettysbaai**
09:30	**Kerkgebou**

Deurkollekte: Straatwerk

DIE KERKKANTOOR STEEDS GESKUIF

Die kantoor bly tydelik in die konsistorie. Besoekers aan die kerkkantoor moet dus die konsistorie se deur gebruik, maar liefs eers volgende week kom.
Manlike lidmate word gevra om Sondae tydelik die dames se kleedkamer met hulle te deel tot die nuwe kleedkamers voltooi is.

Kerkkantoor: Nienie 0282713470 Elizna 0282713268
ngkkleinmond@gmail.com/ www.ngkkleinmond.co.z
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS...

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het
Ons dink veral aan: Riti Turner: KB1 (☎0793862695), Tweenitha Coetzee: KB1 (☎3440), Tewis Jooste: Sa1, Alet van Velden: Sa1, Susan Grobler: Sb4, Basil Thorpe: Sa2 (☎0842001909), Johan Zwiegelaar: BB2 Suretha Luttig: Ba1 (☎0726068525) en Robbie Ferreira: PM1 (☎0845111961)

Ons dink in die besonder aan Magda Badenhors van Sa1 en haar familie na Wynand se dood. Mag hulle die Here se vertroostende liefde elke dag ervaar.

...**EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar. Ons gee ook hul kontaknommer sodat u hulle kan bel.

WYNAND BOCK (0837717086 - Ba1),
GERT CLAASSEN (0282715755 - KB2),
EUGENE CONRADIE (0723197961 - Ba2),
ETTA EKSTEEN (0824650776 - Sb1),
LIZELLE ELSON (0849004444 - HK1)
HANNES ENGELBRECHT (0832612159 - KB4),
JACQUES FOURIE (0833040367 - Bb2),
MICHAIL KLEYN (Sa3), STEPHEN MYBURGH (HK1),
GERTY VISSER (Ba2).

DIE WEEK SE PROGRAM

Sondag	18:00 Bybelskool
Dinsdag	16:30 Gebedsgroep 18:00 Getuienisaksie vergader
Woensdag	09:00 Normaalklas vir Vrouebybelstudie 14:30 Groep vir rousmart by Johan de Clerk 17:30 Kommissie vir Finansies
Donderdag	16:00 Kooroefening
Saterdag	Hangklip hou basaar!

VROUEDIENSAFSLUITING

Op Dinsdag 12 November sluit die Vrouediens se aktiwiteite vir die jaar. Daniél Louw is die spreker en sy onderwerp is

SIELSGELUKKIG?

Met 'n huppel in jou stap soos 'n Avbob advertensie

Of

Fluit-fluit soos Hans die Skoenmaker!

Wyke of vriendinne sit bymekaar. Kom koop 'n kaartjie teen R15 by die kerkkantoor en bespreek 'n tafel.

GEBEDFOKUS

Hierdie week is ons besig met die bevestiging dat God die ware God is en dat die Bybel geloofwaardig is as God se Woord.

"Ek is so bly oor wat die Here gedoen het. My hart is vol vreugde omdat Hy my God is. Hy gee my sy verlossing en sy regverdigheid soos feesklere wat ek kan aantrek.." (Jes 61:10) Vader U is nie 'n vreemde God vir ons nie en U sal vir ons alles gee wat ons nodig het. U Woord is die waarheid en daaruit sien ons hoe U ons begelei en wat U van ons verwag. Ons hoef nie ons gedagtes aan te pas by die van die wêreld nie. Ons glo dat U ons verlos het en ons sien uit na wat U nog vir ons gaan doen. Ons vertrou alleen op U want U het beloof dat U vir ons sal sorg en ons kan op U reken." (Hebr 10:23)

Ons doen voorbidding vir ons gemeente wat 49 jaar gelede tot stand gekom het. Ons bid vir liefde onder mekaar en ondersteuning van mekaar. Ons dank die Here ook vir hierdie gemeente wat die roeping gekry het om as ligdraers, verskilmakers en ambassadeurs deur God te lewe. AMEN

HANGKLIP HOU BASAAR

Die basaar begin Saterdag
8:00 by die sentrum in Bettysbaai. Gaan koop lekker proviand vir die finaal van die wêreldbeker.
Gaan geniet die heerlike kuier en basaar-lekkernye.